

**19 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 2:1-12 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:10**

**Moeite om die Koning te vind word met groot blydschap  
beloon!**

Oor ses dae vier ons Kersfees en in hierdie tyd word die geskiedenis van sterrekykers of wyse manne uit die Ooste baie gelees of vertel. Die eerste opvallende saak is die moeite wat hulle doen om by die nuwe Koning van die Jode uit te kom. Nadat hulle sy ster sien opkom het, het hulle die reis na Jerusalem aangepak en geskenke saamgeneem om hulde aan die nuwe Koning te bring. Hierdie heidense sterrekykers doen groot moeite en bring kosbare geskenke om hulde aan Koning Jesus te bring.

Die tweede opvallende saak is die groot blydschap toe die ster hulle gelei het en gaan stilstaan bokant die plek waar die Kindjie was. Die Ou Vertaling sê in vers 10: "En toe hulle die ster sien, het hulle hul met groot blydschap verheug." Toe het hulle in die huis ingegaan, voor die Kindjie neergeval en hulde aan Hom bewys en geskenke aan Hom gegee. Of hulle geweet het dat Hy meer as net die koning van die Jode was, maar die Verlosserkoning van die heelal, weet ons nie.

Die optrede van hierdie heidense wyse manne stel ons elkeen voor die vraag: Watter moeite is ek bereid om te doen om die Koning te ontmoet en aan Hom hulde te bring, ook wanneer dit erediens tyd is? Hierdie geskiedenis herinner ons daaraan dat moeite om hulde aan die Koning te bring, met groot blydschap beloon word.

Mag hierdie groot blydschap ook u lewe kenmerk!

*Sing: Skrifberyming 4-7:2*

*Ds HPM van Rhyn (Thabazimbi)*